# UITZICHT LODGE WILDPLAAS
# FOURIESBURG OOS-VRYSTAAT

**Sel: 082 856 7181 / 082 457 3140**
**Faks: 086 652 3387/ e-pos: magda.booyens@vodamail.co.za**
**BTW no: HB Boerdery 4910119033**
**JAG – TROUES – KONFERENSIES – NAWEEK VERBLYF**

**www.uitzichtgamelodge.co.za**

Beste Jagters en Vriende,

Uitzicht Wildplaas is 'n geregistreerde Privaat Natuurreservaat en kan daar deur die jaar gejag word. Daar is 16 verskillende wildspesies en die geriewe is van hoogstaande gehalte. Die uitsig en omgewing is iets besonders en alle watervoorsiening kom uit fonteine. Die Lodge voorsien slaapplek vir 80 persone. Die drie plase Fraaiuitzicht, Suikerboschrand en De Zolder is reeds vanaf 1999 (20 jaar gelede) as 'n wildsplaas ingerig en is bewaring ons hoofdoel. Daar word slegs met wild geboer en slegs met binnelandse jagters gejag. Alle Wild word vanaf 'n voertuig gejag.

## JAGTERS TARIEWE 2020 – VERBLYF:

**Belangrik:**

Besprekings kan gedoen word vanaf enige Donderdag middag tot Sondag oggend, en dan weer van Sondag middag tot Woensdag oggend.

| | Drie(3) Nagte | Twee(2) Nagte | Een (1) Nag |
|---|---|---|---|
| Per Persoon | R550.00 p.n | R575.00 p.n | R600.00 p.n |
| Vrouens - nie jagters | R400.00 p.n | R400.00 p.n | R400.00 p.n |
| * Jagters 10 tot 12 | R440.00 p.p.p.n | R440.00 p.p.p.n | R440.00 p.p.p.n |
| * Onder 12 - nie jagters | R250.00 p.p.p.n | R250.00 p.p.p.n | R250.00 p.p.p.n |

Etes word slegs voorsien as daar by bespreking reeds daarvoor gereël is!

| | |
|---|---|
| * Ontbyt | R 80.00 p.p |
| * Brunch | R140.00 p.p |
| * Aandete | R180.00 p.p |

Etes word in die Restaurant bedien.
Bykosse vir self braai kan voorsien word @ R60.00
Fonteinwater Ys kan gekoop word by die lodge.

**INGESLUIT:**

- Jag voertuig - Land Cruiser met sitplek vir 12 jagters. Jag vanaf voertuig.
- Die eienaar hanteer elke jag self.
- Beddegoed + Handdoek
- Eetgerei, Potte en Braairoosters (vir selfsorg)
- Stoof en Mikrogolfoond
- Yskas en vrieskasgeriewe
- Vuurmaakhout (ekstra hout kan gekoop word)
- Top geriewe met krag, warm water, storte en toilette
- Binnebraai geriewe met kroeg
- Skoonmaak van Kombuis en Braai
- Wild vervoer vanaf veld na slagkamer
- Help met die inlaai van wild vir vervoer

**Slegs gewere met knaldempers sal toegelaat word. Skakel gerus in die verband.**

Indien die jagter nie 'n geweer besit nie, sal die regte kaliber geweer aan hom voorsien word @ R50.00 per patroon.
Die volgende gewere is vir jag beskikbaar: **22.250, 2506, 7mm magnum**.
Al die gewere is voorsien van knaldempers en Schmidt Bender teleskope.
Ons gee persoonlike aandag aan ons Jagters en sorg dat al ons geriewe van hoogstaande gehalte is.

**Geen Alkohol word op die voertuig tydens jag toegelaat nie !!!!**
Dit is in almal se belang. Ons het n 100% ongeval vrye rekord en ons moet dit so hou.

## WILDPRYSE VIR 2020

| | MANLIK | VROULIK | TROFEE |
|---|---|---|---|
| * Blesbokke – Bruin | R 1 800.00 | R 1 650.00 | R 3 500.00 |
| * Wit Blesbokke | R 2 200.00 | R 1 800 .00 | R 6 000.00 |
| * Springbokke | R 1 500.00 | R 1 500.00 | R 3 000.00 |
| * Blou Wildebees te | R 4 400.00 | R 4 200.00 | R 6 000.00 |
| * Elande | R 45 /kg | R 45 /kg | |
| * Volstruise | R 2 500.00 | R 2 500.00 | R 2 500.00 |
| * Zebra's | | | R 6 000.00 |
| * Rooihartbeeste | R 5 000.00 | R 45 /kg | |
| * Gemsbokke | | | R 7 500.00 |
| * Waterbokke | - | R 45 /kg | |

**TEEL BULLE EN RAMME WORD NIE GEJAG NIE**

Trofee en ander wild word slegs op vooraf bespreking gejag afhangend van beskikbaarheid.
**'n Gekweste bok is ten volle betaalbaar!!!**

**Slagfooie:**

| | |
|---|---|
| Kleinwild | R 60.00 |
| Grootwild | R 80.00 |
| Trofee | R120.00 |

**Belangrik:**

Geen fooitjies 'tips' mag betaal word nie. (Ons betaal uit die slag fooie bonusse aan die werkers)
Geen besprekings is bevestig alvorens 'n deposito van 50% van die verblyf betaal is.
Deposito is nie terug betaalbaar nie. Bogenoemde is kontantpryse.
As gevolg van verliese op tjeks en oorbetalings sal alle betalings kontant geskied.
Koöperatiewe jag en ander nie kontant betalings moet vooraf gereël word - BTW is betaalbaar.

**GESINS JAG:**

Die plaas leen hom daartoe dat dit ideaal is om die jag geleentheid saam met jou familie te kom geniet. Daar is geriewe om tot 6 families te kan huisves wat saam kom jag.
Pa en seun jag is ook baie gewild.

**KONFERENSIES*SPANBOU*WERKSGROEPE:**

Konferensies en jag kan ook gekombineer word. Ons doen volledige aanbiedings wat ontbyt en aandete insluit.

**KORPORATIEWE JAG :**

Hier is n uitstekende geleentheid om saam met jou kliënt / werknemer as 'n span die naweek in mekaar se teenwoordigheid te kan geniet.

**ONTHOU!!**

**Die prys bepaal nie jou jag ervaring nie.**
**Ons sorg dat jou jag 'n belewenis en sorgvrye ervaring sal wees elke keer wat jy hier jag.**
**In 'n ongelooflike natuurskoon met asemrowende uitsig en gerief, is jy, die jagter die belangrikste skakel in ons bewaring sukses.**

***Uitzicht Groete!***

***Hannes en Magda Booyens***